VOORTREKKERMONUMENT-GROEP JAARVERSLAG

JUNIE 2017 – MEI 2018

VTM en ES personeel

Saamgestel deur Cecilia Kruger

vir die Algemene Jaarvergadering

Saterdag 16 Junie 2018

Pretoria

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
1.	INLEIDING	3.
2.	STRATEGIE	3.
2.1	PERSONEEL	
3.	FINANSIES	5.
3.1	Skenkings	5.
3.2	Samewerking met DKK	7.
4.	VAKKUNDIGE DIENS	7.
4.1	Museum- en bewaringsdiens	7.
4.2	Opvoedkundige diens	8.
5.	BEMARKING	9.
5.1	Toerisme	
5.1.1	Besoekerstatistiek en –tendense	9.
5.1.2	Plaaslike skoue en uitstallings	11.
5.1.3	Internasionale skoue en uitstallings	11.
5.2	Bemarking en skakeling	11.
5.3	Mediaskakeling en sosiale media	12.
5.4	Fondsgenerering	13.
6.	ONDERSTEUNINGSDIENS	13.
6.1	Instandhouding	13.
6.1.1	Kapitale projekte voltooi	14.
6.1.2	Projekte ondersoek	14.
6.2	Logistieke steun -IT, Sekuriteit, Beroepsgesondheid en veiligheid, Bloedrivier, Fasiliteite, voertuie, energiebesparingskomitee)	14.
7.	SLOT	16.

1. Inleiding

Hierdie verslag dek die periode Junie 2017 tot Mei 2018 en belig die belangrikste aktiwiteite van die vier verskillende afdelings van die VTM-Groep – Finansies; Vakkundige Diens; Bemarking en Ondersteuningsdiens. Die Erfenisstigting, wat bestaan uit twee afdelings nl die Navorsing- en Inligtingsdiens en Erfenisbewaringsbestuur, se verslag is afsonderlik opgestel en vorm, saam met die geouditeerde state vir beide die organisasies, die Bylae tot hierdie verslag.

Hoogtepunte wat die jaar oorheers het sluit in:

- die finalisering van die vestiging van die Nederduits-Hervormde Kerk (NHK) argief en Sinodale kantore in die Erfenissentrum;
- die sorteer en vestigting van die ATKV dokumentasie 1930's – 1980's in die ES argief;
- verskeie bou-, opgraderings- en restourasieprojekte op die VTM-terrein;
- navorsing deur beide die ES en VTM personeel vir die uitstalling in die nuwe Opvoedkundige Ontdekkingsentrum (OOS) en;
- beplanning en uitvoer van verskeie funksies en produkte vir die 80e Herdenking van die hoeksteenlegging van die VTM hierdie jaar.

Laagtepunte sluit die toename in misdaad op die terrein in. Nie net het die kantore van beide die VTM en die ES onder inbrake deurgeloop nie, maar ook onder vermeende diefstal van rekenaar harde- en sagteware deur 'n vorige personeellid. 'n Voortrekkergroep is tydens 'n nagmars in die bosse op die terrein aangeval en 'n gewapende roof by die hoofhek het vir groot trauma, ondersoeke en die instel van strenger maatreëls gelei. Hierdie maatreëls asook die afname van nasionale en plaaslike besoekers aan die terrein, plaas bykomende druk op die begroting en noodsaak hernieuwde en vernuwende benaderings tot fondsgenereringsaksies.

2. Strategie

In November 2017 het die Direksie die 5-jaar strategie vir beide die ES en die VTM goedgekeur. Die diversifisering van inkomstestrome het ook tot die ondersoek na moontlike Openbare Welsyns Organisasie (OWO) status vir beide organisasies gelei. Hoewel nog nie afgehandel nie, het dit vroeg reeds duidelik geword dat die doelwitte soos in die aktes vervat meer vaartbelyn en meer in lyn met die bewoording in SAID wetgewing mbt OWO aansoeke, herskryf moes word. Die VTM akte word derhalwe tydens hierdie AJV voorgelê en die ES sin behoort teen die 2019 AJV gereed te wees. Daar word gepoog om vae, breë en onbereikbare doelwitte meer praktiese en haalbaar te stel.

2.1 Personeel

In lyn met die strategieë, is die aantal poste in die VTM-groep en ES vir die volgende 5 jaar gefinaliseer en met die uitsondering van enkele junior poste, almal gevul. Personeelomset by by Bloedrivier, die VTM MSW en die ES was stabiel. Die skep en vul van 'n Logistieke beampte pos is by die ES verlig reeds die druk van algemene instandhouding van die Erfenissentrum en

die ES se afgeleë terreine. Die Erfenissentrum huisves nou hulle eie 12 personeel en die 14 van die NHK. Die personeelomset by VTM Projekte is ongelukkig hoër agv ontslag weens wangedrag ens. Onderhandelings met die vakbond NEHAWU van wie VTM Projekte meestal lede is, het goed afgeloop. Saam met die agt personeellede by Bloedrivier, is daar tans by die 90 werknemers in diens van die VTM-groep en die ES. Daar is nie 'n gededikeerde mensehulpbronafdeling nie en die grootste gedeelte van personeelangeleenthede word deur die BD se PA en maatskappysekretaris, me A Erasmus hanteer.

ORGANOGRAM : VOORTREKKERMONUMENT : 2018 TOT 2023





3. Finansies

Hierdie afdeling bestaan uit die twee finansiële beamptes, me Langerman en Botha van die VTM en die ES, die hoofhekkassiere, me Rebecca Letsoane, die VTM kassiere, die Afrikaanse winkelkassiere en die Betuurder by Bloedrivier. Dit word op uiters bekwame wyse deur die Hoof van Finansies, me M Swanepoel bestuur en sluit aspekte soos interne oudit, batebeheer, en alle ander finansiële bestuursfunksies in. Die feit dat die finansiële state intern opgestel word bring besparing in ouditkostes mee. Benewens die normale kontantvloei beheer, het die beheer oor die Lottofondse vir die Opvoedkundige Ontdekkingsentrum die afgelope jaar hoë eise aan haar gestel. Saam met die bestekopnemer het sy ‘n valkoog oor die uitbetalings aan kontrakteurs en van professionele fooie gehou en hom selfs ‘n keer of twee tereggewys! Verskeie ondersoeke na beleggingsopsies, OWO status, die instel van ‘n nuwe debietorderstelsel, bedinging met die bank vir beter fasiliteite en die instel van beter voorraadbeheermaattreëls by Bloedrivier is voltooi. Die finansiële jaar is weereens met ‘n ongekwalifiseerde oudit afgesluit.

Teen Oktober 2017 is alle nisse in die drie fases van die Gedenktuin uitverkoop en is daardie bron van inkomste uitgeput. Die moontlike uitbreiding van die gedenktuin (laaste fase 4) word tans ondersoek. Argiteksvoorstelle is ontvang en die beginsel is goedgekeur. ‘n Ondersoek na die winsgewendheid van die projek is tans aan die gang.

3.1 Skenkings

As gevolg van die ruim bydrae van die Dagbreektrust, beloop skenkings hierdie jaar 13% van die totale inkomste van die VTM-groep. In Oktober 2017 is R3M aan die ES, VTM en BR inbetaal en ‘n verdere R3M is in Mei 2018 ontvang. Die vereistes vir aansoek- en terugvoerverslae het die afgelope twee jaar meer kompleks geword en die sukses aldan nie van

besteding moet volgens vasgestelde matrikse weergegee word. Die ES se aansoek vir ‘n digitaliseringsprojek by NALN is afgekeur.

Die Rupert Historiese Huise stigting ondersteun die ES reeds sedert 2013, maar die VTM was tot op hede nie suksesvol met aansoek nie. Tydens ‘n besoek aan hulle in November 2017 is ons meegedeel dat ons weer vir die VTM kan aansoek doen, maar dat die aansoeke vir restourasieprojekte in die besonder moet wees. Die ES het in Oktober 2017 ‘n skenking van R410 000 ontvang en het nou weer aansoek gedoen vir bykans R500 000 vir projekte in die onderskeie programme waarbinne hul werksaamhede resorteer. Daar is ook namens die VTM aansoek gedoen vir ‘n waterdigtingsprojek op die uitkykvlak van Monument en die restourasie van die 32 terrazzo waens aan die oostekant van die walaermuur. Kostes behoort ongeveer R600 000 oor twee jaar te beloop.

Die organisasies is deeglik bewus van die groot risiko wat die afhanklikheid van skenkings inhou, maar is uiteraard dankbaar vir die steun wat uit hierdie oorde ontvang word.

Figure 1 & 2





3.2 Samewerking, Nasionale Departement Kuns en Kultuur

Tydens die vorige AJV is berig dat die DKK voorsiening gemaak het vir die uitbetaling van fondse aan die VTM vir die beheer van die Versoeningspad tussen Vryheidspark en die Monument asook vir die beheer van die Versoeningsbrug tussen die Bloedriviererfenisterrein en die Ncome Museum in KZN, tot en met September 2017. Daarna sou hulle met Tesourie beraadslaag vir verdere voorsiening. Na maande se pogings om met DKK in die verband te skakel, het die VTM self die kostes aan die vier personeellede gedra. Danksy die ingrype van me Jane Mufamadi, die HUB van Vryheidspark, het ons uiteindelike tyding ontvang dat 'n begroting, met jaarlikse eskalasie vir die volgende drie jaar goedgekeur is. Die agterstallig fooie vir Versoeningspad is reeds deur Vryheidspark aan die VTM betaal en die betaling vanaf die Umsunduzi museum vir die beheer van Versoeningsbrug behoort eersdaags gemaak te word. Die DKK ervaar ernstige finansiële probleme en moes in kantore in die middestad hervestig.

4. VAKKUNDIGE DIENSTE

4.1 Museum- en bewaringsdiens

Benewens die normale instandhouding van museumversamelings (konservering en dokumentasie) en uitstallings asook navorsing vir ses panele vir die Opvoedkundige Ontdekkingsentrum en beantwoording van navrae, is die volgende projekte onder die wakende oog van mev Etta Judson, die vakkundige, voltooi:

- Inligting is saamgestel vir ses besoekpunte op die terrein en op granietpanele aangebring;
- Stel inligting saam vir 'n granietpaneel oor Gerhard Moerdijk wat aan die voet van die trap aangebring is ter viering van VTM 80;
- Reël die jaarlikse Moerdijk-gedenklesing met die argitek Nicolas Clark as gasspreker;

- Laat maak ‘n bronsafgietsel van 1943-gipsborsbeeld van Moerdijk wat deur Peter Kirchhoff gemodelleer is;
- Die gewilde, maar verslete Zulu-hut op die terrein is ten volle herbou;
- Manschappen by Fort Schanskop is gerestoureer;
- Behulpsaam met uitvoerige en ontbrekende inligting vir die DVD *Voortrekker Monument 80,* vervaardig en voltooi deur Ulula Produksies;
- Twee H.F. Verwoerd-beelde, geskep deur Jo Roos en Gerhard de Leeuw, is op bruikleen aan Orania beskikbaar gestel;
- Die ATKV “Vlam van Afrikaans” is permanent uit die Senotaafsaal na Afrikanersbakens verskuif;
- Al die Phil Minnaar-harsbeelde is na die museumbergingsruimte verskuif en geïnventariseer;
- Van die 64 waens by die Laermuur, is 32 herstel en die panele is met koperkramme hervestig. Die bedrading vir beligting is herstel en driefase kragpunte binne die muur aangebring. Die projek is moontlik gemaak deur Dagbreek Trust-fondse, maar is nog nie voltooi nie.

4.2 Opvoedkundige Diens

Groot uitdagings is hierdie jaar aan mnr Christo Rabie, Hoof van hierdie afdeling gestel. Die oprig van die Opvoedkundige Ontdekkingsentrum wat reeds in 2010 op sy inisiatief aangepak is, het uiteindelik gerealiseer. Die konstruksiewerk is afgehandel en alle aandag word nou aan die inrig van die opvoedkundige uitstallings bestee. Saam met die ES-personeel is sillabus-verwante temas gekies, navorsing vir meer as 90 panele is voltooi en tans word voorwerpe gekies wat opvoedkundige programme sal aanvul. Daar is reeds belangstelling in hierdie projek aangesien die meerderheid museums nie meer hulle opvoedkundige rol vervul nie. Met goeie bemarking van die sentrum sal daar gepoog word om die aantal leerders wat die terrein besoek drasties van volgende jaar af te verhoog.

Daar is ook begin om gedetailleerde kursusse vir toergidse aan te bied en meer as 50 gidse het reeds die kursusse voltooi. Daar word klem gelê op verskeie interpretasies en temas rondom die monument en verwante sake. ‘n Aanlynkursus vir toergidse is ook ontwikkel en kry reeds goeie aftrek. Die Monument het drie gidse op die personeel en ‘n klein groepie vryskutgidse wat van tyd tot tyd gidswerk verrig.

Figuur 3



5. BEMARKING

5.1 Toerisme

5.1.1 Besoekerstatistiek en -tendense

Die Bemarkingsafdeling o.l.v. me Lizette Jansen, bestaan uit me Geraldine Paulsen wat vir mediaskakeling en sosiale media verantwoordelik is, mev Thea Furstenburg wat op skakeling en bemarking fokus en me Charlotte Drotsky, Toerisme beampte. Hoewel die bemarkings-begroting vir hierdie afdeling besonder klein is, word berge versit.

Die hoofbron van inkomste by die VTM is steeds die toegangsgeld vir besoekers aan die Monument self. Soos twee jaar gelede is daar duidelik die afgelope jaar weer ‘n skerp daling in besoekers. Dis ‘n tendens wat regoor Suid-Afrika ervaar word en van die redes wat deur SA Toerisme aangevoer word, is probleme met VISA regulasies. Dit het steeds ‘n impak op veral die Sjinese besoekersgetalle omdat daar groot oponthoude by die SA Binnelandse Sake tak in Sjina ervaar word, wat die VISA aansoeke nie betyds verwerk nie. Volgens berigte is die Minister van Toerisme, Derek Hannekom, besig met onderhandelinge met die Minister van Binnelandse Sake, Malusi Gigaba om hierdie kwessie aan te spreek. Tans word die gebruik van e-Visas ondersoek wat moontlik die probleem kan oplos. Gigaba beoog om maatreëls in plek te stel om VSA-, Kanadese-, Australiaanse-, VK-, en Schengen Visas te aanvaar vir toegang tot SA. Verder het ander negatiewe berigte in die nuus oor enige moontlike bedreigings in Suid-Afrika, ook ‘n negatiewe invloed op ons besoekersyfers.

Tydens Mei 2017 – April 2018 het die VTM 152 428 besoekers ontvang. Dit is ‘n totale daling van -9%, met ‘n -14% afname in buitelandse toeriste in vergelyke met die vorige jaar.

Figuur 4 :



Figuur 5



Figuur 6



Figuur 7



5.1.2 Plaaslike skoue en uitstallings

- Seminaar vir toerisme aantreklikhede, *Attractions Africa* (JHB, Junie 2017);
- *Inspire Gauteng* toerismeskou (Maropeng, Oktober 2017);
- *Tshwane Tourism Showcase* (Pretoria, Januarie 2018);
- *Proudly SA Buy Local Summit* (Sandton, Maart 2018);
- *World Travel Market (WTM) Africa* (Kaapstad, April 2018),
- *Africa's Tourism INDABA* (Durban, Mei 2018),

5.1.3 Internasionale skoue

- Die VTM en ES het gesamentlik by die 50Plus Beurs Skou (September 2017) in Nederland uitgestal.
- Die Nasionale Departement van Toerisme het die VTM geborg om by IMEX (*Incentives, Meetings and Events Exhibition*) in Frankfurt, Duitsland in Mei 2018 uit te stal. Die fokus van dié spesifieke skou is om MICE (*Meetings, Incentives, Conferences and Event*s) toerisme te bevorder. Die VTM is as aansporingsaktiwiteit (*incentive activity*) bevorder en die fasiliteite op die terrein is bemark. Die uniekheid van die fasiliteite se ligging is baie gesog.

5.2 Bemarking en skakeling

Sterk klem is hierdie jaar op die 80e herdenking, die VTM-80 projek geplaas:

- Korporatiewe geskenke is vir VTM 80 gedenkjaar geskep. Die belangrikste is seker die DVD *Vir Vryheid... VTM 80* wat deur Ulula Produksies van die Paarl vervaardig is en wat op groot skaal verkoop gaan word.
- Daar is 'n bemarkingsooreenkoms met Pretoria FM onderteken om die VTM 80 verrigtinge wat op die terrein plaasvind te bemark, insluitend maandelikse praatjies
- 'n Program vir die VTM 80 gedenkjaar is saamgestel met 'n verskeidenheid geleenthede wat op die terrein aangebied word.
- Daar word saam met Plus 50 tydskrif gewerk om bykomende blootstelling aan die VTM te bied d.m.v. advertensies en artikels.

Samewerkingsinisatiewe is met Maropeng, die Universiteit van Pretoria en Dinokeng gevestig. Samewerking met Vryheidspark word ook bewerkstellig. 'n *Talking Map Tours* toerismekaart is in samewerking met *Dinokeng Junxion* by die *Africa's Tourism INDABA* 2018 geloods, wat ikoniese aantreklikhede in die Tshwane-area ten toon stel. Die kaart werk met 'n 'pratende' pen wat inligting oor die aantreklikhede in Afrikaans en Engels aan die besoeker deurgee nadat dit die gekodeerde kaart skandeer.

Op *Hug-a-tourist-day* (10 Februarie 2018) het personeel in tradisionele Voortrekkerdrag toeriste met aankoms by die assegaai hekkie omhels en komplimentêre water en *Proudly South African* balkies uitgedeel.
'n Maatskappy embleem is vir Bloedrivier ontwikkel vir amptelike gebruik in dokumentasie en op bemarkingsmateriaal om korporatiewe identiteit te versterk. Daar is ook 'n BR terreinkaart

ontwikkel om besoekersvloei op die terrein te vergemaklik, en vir toekomstige gebruik in terreinbrosjures. Daar word met die plaaslike en provinsiale toerisme owerhede geskakel om bemarking van die terrein te bevorder.

5.3 Mediaskakeling en sosiale media

'n Media- en Kommunikasiebeleid is vir die VTM-Groep en ES saamgestel.Mediadekking is oor die algemeen goed en verskeie mediakanale, veral elektroniese kanale word benut. Daar is ook goeie belangstelling vanaf verskeie filmproduksie maatskappye om dokumentêre films en insetsels vir toerisme programme op die terrein te verfilm.

Die getal ondersteuners op die VTM *Facebook* bladsy is nou 40 964. Bloedrivier Facebookblad het 6 835 ondersteuners en die VTM Antiekmark-blad het 2 252. 'n *What's App* profiel is vir die VTM gestig. Dit word hoofsaaklik benut vir fasiliteite navrae deur die publiek.

Die Bloedrivier Facebookblad toon tans geen groei nie a.g.v. die ontbreking aan nuusbrokkies vanaf die terrein wat deurgestuur moet word.

5.4 Fondsgenereringsprojekte

- Die vier Antiek- en Versamelaarsmarkte is steeds gewild en die Militêre Fees groei bestendig. Ongeveer R300 000 is die afgelope jaar hierdeur gein.
- Die VTM Gholfdag by Woodhill Gholfklub is in Julie 2017 aangebied met Thys die Bosveldklong as afslaer. Dit was 'n susksesvolle geleentheid met 92 gholfspelers wat deelgeneem het.
- Die jaarlikse *Monumentale Cantus* Kooruitvoering het in Augustus 2017 plaasgevind, en al die kaartjies is uitverkoop.
- 'n Reeks nagtoere word deur die jaar aangbied, wat steeds in gewildheid groei.

'n Fondsgenereringswerkswinkel wat deur mnr Chris Windell van die NWU aangebied is, is in Maart 2018 bygewoon. Maniere en metodes van fondsgenerering is op praktiese wyse behandel.

6. ONDERSTEUNINGSDIENSTE

In terme van omvang en hoeveelheid werk en dus die aantal personeel, is hierdie afdeling, met mnr Bert Visser aan die hoof, die grootste afdeling van die groep, wat dan ook die personeel van VTM-projekte insluit.

6.1 Instandhouding

Mnre Eben Meets, Danie Dreyer en Paul Jansen bestuur alle strukturele instandhoudings- en nuwe projekte asook die tuine en terrein wat skakeling met die Natuurbewaring- ; elektrisiteits- ; en Metropolisiesafdelings van die Tshwane Metro insluit. Weens die ouderdom van infrastruktuur (water- en rioolpype asook kragtoevoer) word daar dikwels daagliks verwag om dringende onderhoudswerk te verrig en kan daar nie altyd by beplande tydskale vir nuwe projekte gehou word nie.

6.1.1. Kapitaalprojekte voltooi

Die afdeling was in verskeie hoedanighede by die volgende betrokke:

- Aanbou van nuwe arbeiderskwartiere om akkommodasie te skep vir VTM personeel wat agter die FAK-kantore gewoon het;
- Bestuur FAK omskakeling van motorhuis in kantore;
- Opvoedkundige Ontdekkingsentrum: Toesig oor en skakeling tussen argitekte, VTM personeel en die kontrakteurs;
- Landskapering buite die O.O.S;
- Restourasie van walaermuur aan westekant (32 waens): Toesig oor en skakeling tussen argitekte, VTM personeel en die kontrakteurs;
- Bloedrivier – oprig van waghuis

6.1.2 Projekte ondersoek

- Vervanging van amfidakskadunet met meer permanente gegalvaniseerde sinkdak.
- UItbreiding van Noord-hek vir meer gereelde gebruik om druk op hoofhek te verminder.

6.2 Logistieke steun

Mnre Daniël Deyzel, Hennie Coetzee en Willem le Roux hanteer alle aspekte rakende IT, sekuriteit, vervoer en die bestuur van fasiliteite saam met me Erna Erasmus en Isabel Tromp.

6.2.1 Beroepsgesondheid-en-Veiligheid (OHASA).

Ongeskeduleerde ontruimingsoefeninge is gedurende 2017 gehou en die nodige verslae is opgestel. Die gebreke wat aan die lig gekom het, is aangespreek en sal voortdurend gemonitor word. Werkers is gedurende Junie 2017 heropgelei in Noodhulp vlak1, Brandbestryding en Beroepsgesondheid en Veiligheid ten einde aan die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid te voldoen. Al die brandtoerusting is versien en ondiensbare toerusting is vervang. Die brandalarmstelsel, by die ES-bedienerkamer in die biblioteek, se beheerbord is herstel en die gassilinder eenheid is vervang. Die NHK van Afrika se brandstelsel in die argief is reggestel en die koppeling op die ES se brandalarmstelsel is afgehandel en suksesvol getoets. Nuwe inligting- en -rigtingsborde (toilette, noodhulp, ens.) is aangebring. Die Maatskappy se Noodprosedures is weereens gedurende Augustus 2017 aan al die personeel asook die Huurders op die terrein, deurgegee en versoek om dit te bestudeer en hulle te vergewis van die inhoud daarvan. ‘n Behoorlike Noodhulpkamer is in die Infosentrum ingerig. Die ondersoekbed en van die toerusting is deur Feletseng Consulting Services aan die VTM geskenk. Die nodige inligtingsborde is opgerig.

6.2.2 Bloedrivier

Die bou van ‘n waghuisie/kiosk is voltooi, maar is deur ‘n rukwind gedurende Oktober 2017 erg beskadig. Die waghuis is intussen herstel op Maatskappy koste en ‘n waterpypleiding word tans aangelê. Enkele Direksielede het BR-terrein oor die naweek van 10-11 November 2017

besoek. Die Geloftefees van 2017 was ‘n groot sukses en geen onsmaaklike voorvalle het plaasgevind nie. Die 2018 AJV het op 3 Maart 2018 plaasgevind.

6.2.3 Sekuriteit

Soos in die inleiding genoem, is dit een van die grootste uitdagings wat Bestuur in die gesig staar en het die sekuriteitsbegroting verdubbel vergelyke die 2017/18 begroting. Verskeie diensverskaffers het aanbiedings kom doen en daar is ‘n diensverskaffer aangestel met i.g.v 1 Maart 2018 wat hopelik in ons behoeftes sal kan voorsien.

6.2.4 Fasiliteite

Die verhuring van die fasiliteite vaar goed en verskeie groot geleenthede is gedurende 2017 by die Amfiteater aangebied waaronder Jakaranda Dag 2017, Incubis Konsert en verskeie kleiner geleenthede op die Amfidak. Alhoewel die verhuring ietwat onder begroting presteer, het hierdie geleenthede ‘n positiewe bydrae tot die begroting gelewer. I *Heart Knysna* konsert, ‘n fondsinsamelings projek vir die Knysna brande, het plaasgevind op 25 Junie op die Amfidak en grasparkering. Dit was nie ‘n groot sukses nie en die VTM het die fasiliteite gratis aan die organiseerders beskikbaar gestel as deel van die VTM se bydrae tot die projek.

6.2.5 Voertuie

VTM se voertuigpoel is tans in ‘n goeie toestand alhoewel herstel en onderhoudswerk gereeld gedoen word weens die ouderdom van die voertuie.

6.2.6 IT en Telefoonstelsel

Die Rugsteun (backup) bediener deur die eksterne IT-konsultant opgegradeer en hy is besig om die rugsteun van die personeel se data op die stelsel af te handel. Probleme rondom die ES stelsels is uitsorteer.

6.2.7 Parkrun: Herinstelling

‘n Versoek vir die herinstelling van die gewilde Parkrun is vanaf die Monument Atletiekklub ontvang. Die klub het onderneem om die vereistes van die VTM t.o.v die aanbied van die Parkrun aan te spreek. Die Noordhek sal vanaf 21 Julie gebruik word om toegang vir hardlopers te bied en in teenstelling met die vorige reëlings mag deelnemenrs nou vir donasies gevra word.

6.2.8 Energiebesparingskomitee (EBK) en voorafbetaalde kragmeters

Die EBK en medewerkers (bv die Amfi se elektrisiën) is besig om die verdeelborde binne die Amfi Restaurant te ontrafel, sodat die verspreidingsnetwerk van daar af duideliker verstaanbaar en gekarteriseer kan word. Sodra hierdie taak afgehandel is, sal vooruit betaalde kragmeters vir die huurders geinstalleer kan word wat die direkte las op die VTM sal verminder.

7. SLOT

Ten spyte van onvoorsiene terugslae in ‘n dikwels onvriendelike omgewing, bly dit steeds ‘n groot voorreg om die bewaringstaak van hierdie grootse Monument en alles wat daarmee

gepaardgaan, te verrig. Danksy behulpsame en ondersteunende Direkteure, lojale en bekwame kollegas en die begrip van verskeie vakgenote, skenkers en belangstellendes, poog ons om die taak met oorgawe te verrig en nuwe uitdagings met oop arms te aanvaar.

16 Junie 2018